

Ongiel

OFFISIELLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE

UITGawe OP GESAG.

OF SOUTH WEST AFRICA.



PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Maandag 15 Junie 1970

WINDHOEK

Monday 15 June 1970

No. 3087

INHOUD

PROKLAMASIES:—

- | | | |
|-----|----|---|
| No. | 58 | Dorp Swakopmund (Uitbreiding 6): Stigtingsvoorwaardes |
| No. | 59 | Verkiesing van Lede van die Uitvoerende Komitee |
| No. | 60 | Private Wildreserwe: Proklamering van |
| No. | 61 | Private Wildreserves: Proklamering van |

CONTENTS

Bladsy/Page

PROCLAMATIONS:

- | | |
|---|-----|
| Township of Swakopmund (Extension 6): Conditions of Establishment | 721 |
| Election of Members of the Executive Committee | 725 |
| Private Game Reserve: Proclamation of | 725 |
| Private Game Reserves: Proclamation of | 726 |

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- | | | |
|-----|-------|--|
| No. | 74 | Munisipaliteit Tsumeb: Wysiging van Vleis- en Slagpaleregulasies |
| No. | R.825 | (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/22) |
| No. | R.826 | (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 3 (No. 3/231) |
| No. | R.827 | (Republiek) Doeane- en Aksynswet 1964: Wysiging van Bylae 4 (No. 4/63) |
| No. | R.891 | (Republiek) S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad: Reëls betreffende die Voorwaardes waarop Geregistreerde Optometriste hulle Beroep mag uitoefen |

GOVERNMENT NOTICES:

- | | |
|---|-----|
| Municipality of Tsumeb: Amendment of Meat and Abattoir Regulations | 726 |
| (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/22) | 727 |
| (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 3 (No. 3/231) | 728 |
| (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 4 (No. 4/63) | 729 |
| (Republic) S.A. Medical and Dental Council: Rules regarding the Conditions under which Registered Optometrists may carry on their Calling | 730 |

ALGEMENE KENNISGEWINGS:

- | | | |
|-----|----|---|
| No. | 28 | Munisipaliteit Windhoek: Voorgestelde permanente Sluiting van Openbare Plek, Pionierspark |
| No. | 29 | Munisipaliteit Tsumeb: Voorgestelde permanente Sluiting en Heropening van Straatgedeeltes |
| No. | 30 | Dorpsbestuur Bethanie: Voorgestelde Sluiting van Straatgedeelte |
| No. | 31 | Munisipaliteit Windhoek (Uitbreiding 13): Voorgestelde Stigting van |
| No. | 32 | Munisipaliteit Windhoek: Voorgestelde stigting van Dorp Olympia |

GENERAL NOTICES:

- | | |
|--|-----|
| Municipality of Windhoek: Proposed permanent Closing of Open Space, Pionierspark | 731 |
| Municipality of Tsumeb: Proposed permanent Closing and Reopening of Portions of Street | 731 |
| Village Management Board of Bethanie: Proposed Closing of Street Portion | 732 |
| Municipality of Windhoek (Extension 13): Proposed Establishment of | 732 |
| Municipality of Windhoek: Proposed Establishment of Township Olympia | 732 |

ADVERTENSIES:

ADVERTISEMENTS:

733

PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWEST-AFRIKA.

No. 58 van 1970.]

DORP SWAKOPMUND (UITBREIDING 6):
STIGTINGSVORWAARDES.

NADEMAAL daar behoorlik kennisgewing van die Registrateur van Aktes ontvang is dat die bepalings van artikel 12 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) nagekom is;

SO IS DIT dat ek kragtens artikel 13 van genoemde ordonnansie hierby proklameer, verklaar en bekend maak dat Swakopmund (Uitbreiding 6) soos aangewys op Algemene Plan A. 414/69 'n goedgekeurde dorp is en voorts dat die aansoek om die stigting van genoemde dorp goedgekeur is onderworpe aan die voorwaardes wat kragtens artikel 6 van genoemde ordonnansie opgelê is, en in die bylae hiervan uiteengesit is.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 12de dag van Maart 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

BYLAE.

STIGTINGSVORWAARDES.

1. *Naam van dorp:*
Die dorp heet Swakopmund (Uitbreiding 6).
2. *Samestelling van dorp:*
Die dorp bestaan uit erwe en openbare plekke soos aangedui op Algemene Plan A.414/1969.
3. *Gereserveerde grond:*
Die volgende erwe moet soos volg gereserveer word:
Vir die plaaslike bestuur:
Erf 1281: Vir 'n substasie
Erf 1307: Vir algemene doeleindes.
4. *Titelvoorwaardes:*
 - (a) Die volgende titelvoorwaardes moet geregistreer word ten gunste van die plaaslike bestuur ten opsigte van alle erwe, buiten dié genoem in paragraaf 3: Met dien verstande dat sodanige voorwaardes nie sonder die toestemming van die Administrateur gewysig of laat vaar mag word nie:
 - (1) Die eienaar van die erf is verplig om, sonder vergoeding toe te laat dat pypplyne, storm-, waterafvoerpype, rioolpype en bogrondse en

PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 58 of 1970.]

TOWNSHIP OF SWAKOPMUND (EXTENSION 6):
CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

WHEREAS due notification has been received from the Registrar of Deeds that the provisions of section 12 of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) has been complied with:

NOW THEREFORE in terms of section 13 of the said ordinance, I do hereby proclaim, declare and make known that Swakopmund (Extension 6) as represented on General Plan A.414/69 is an approved township and further that the application for the establishment of the said township has been granted subject to the conditions imposed in terms of section 6 of the said ordinance, and as set out in the schedule hereto.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 12th day of March 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

SCHEDULE.

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name of township:*
The name of the township shall be Swakopmund (Extension 6).
2. *Composition of township:*
The township shall comprise erven and public places as indicated on General Plan A.414/1969.
3. *Reserved land:*
The following erven shall be reserved as follows:
For the local authority:
Erf 1281: For a substation.
Erf 1307: For general purposes.
4. *Conditions of title:*
 - (a) The following conditions of title shall be registered in favour of the local authority in respect of all erven, except those mentioned in paragraph 3: Provided that such conditions shall not be amended or waived without the consent of the Administrator:
 - (1) The owner of the erf shall, without compensation, be obliged to allow the laying of water pipelines, stormwater drains, sewerage

ondergrondse elektriese kragtoevoerlyne oor die erf gelê of gespan word, as dit nodig geag word deur die plaaslike bestuur en op so 'n wyse en in so 'n ligging soos daar van tyd tot tyd oorengekom word, en om toe te laat dat materiaal, wat uitgegrawe word gedurende konstruksie, instandhoudingswerk en verwydering van enige bovermelde materiaal, tydelik op die aangrensende grond geberg word. Dit sluit in die reg op toegang tot die erf te alle tye vir die bovermelde doeleinades of vir ander desbetreffende werk, onderhewig daaraan dat die plaaslike bestuur vergoeding betaal vir enige skade wat aangebring word in die uitvoering van enige sodanige werk.

- (2) Geen melkery, huurstal, koeistal, slagpale, varkhok of hinderlike bedryf hoegenaamd mag op die erf aangebring of bestuur word nie. „Hinderlike bedryf” beteken 'n bedryf genoem in paragraaf 1 (a) van Goewermentskennisgewing 141 van 1926 van 10 November 1926.
- (3) Geen beeste, varke, skape, bokke of trekdiere mag op die erf aangehou word nie.
- (4) Buiten ter oprigting van 'n gebou op die erf mag nóg die eienaar nóg enigiemand anders vir enige bakstene, teëls, erdewerkpype, of enige ander artikels van dergelike aard op die erf maak of laat maak nie.
- (5) Op die erf mag nie na water geboor of gedolwe word nie.
- (6) Die erf, nog enige gedeelte daarvan, mag oorgedra, verhuur of op enige ander wyse toegeken of bemaak word, aan enige Kleurling, inboorling of Asiaat nie, en geen Kleurling, inboorling of Asiaat behalwe die huisbediendes van die geregistreerde eienaar of sy huurder, word toegelaat om daarop te woon, of dit op enige ander wyse te beset nie.
- (7) Indien die plaaslike bestuur te eniger tyd enige strate aanlê en maak op 'nvlak wat verskil van die gemiddelde vlak van die erf op die grenslyn tussen gemelde erf en die betrokke straat moet die transportnemer of sy titelopvolger binne drie maande nadat die betrokke plaaslike bestuur skriftelik kennisgewing van sy voorneme om so 'n straat aan te lê of te maak aan sodanige transportnemer of sy titelopvolger bestel het, op eie koste 'n stutmuur op sodanige erf op enige straatgrens bou wat hoog en sterk genoeg is om doeltreffend te voorkom dat enige gedeelte van die erf in die straat val of omgekeerd. Elke stutmuur moet met die raadpleging van die plaaslike bestuur gebou word, en is onderhewig aan die plaaslike bestuur se goedkeuring.
- (8) Geen gebou of struktuur, of enige deel daarvan behalwe grensmure of omheinings, mag nader as 5 meter van die grens gemeenskaplik met die straat opgerig word nie, en die hoofgebou mag nie nader as 3 meter van enige ander grense van die erf opgerig word nie.
- (9) Buitegeboue en/of bediendekamers op die erf opgerig, mag deur niemand behalwe die bona fide-huisbediendes van die geregistreerde eienaar of sy huurder bewoon word nie.

mains and overhead and underground electric supply mains across the erf, if deemed necessary by the local authority, and in such a manner and position as may from time to time be agreed upon, and to allow the temporary deposit on the land adjoining such works, of such material as may be excavated during the course of construction, maintenance and removal of any of the aforesaid. This shall include the right of access to the erf at any reasonable time for the aforesaid purposes or other works pertaining thereto, subject thereto that the local authority shall compensate for any damage done in execution of any such works.

- (2) No dairy, livery stable, cowshed, slaughter-pole, piggery or any offensive trade shall be established or conducted on the erf. "Offensive trade" shall mean any of those trades referred to in paragraph 1 (a) of Government Notice 141 of 1926 dated 10 November 1926.
- (3) No cattle, pigs, sheep, goats or draught animals may be kept on the erf.
- (4) Except to erect a building on the erf, neither the owner nor any other person may make, or cause to be made, for any person, any bricks, tiles, earthenware, pipes or any articles of such nature on the erf.
- (5) It shall not be permitted to drill or excavate for water on the erf.
- (6) The erf, or any portion thereof, shall not be transferred, leased or in any other manner assigned or disposed of to any Coloured, Native or Asiatic and no Coloured, Native or Asiatic other than the domestic servants of the registered owner or his tenant, shall be permitted to reside thereon, or in any other manner occupy it.
- (7) In the event of the local authority at any time laying out and constructing any street at a level differing from the average level of the erf at the boundary line between the said erf and the street in question, then the transferee or his successor in title shall within three months after written notice of intention so to lay and construct any such street has been served upon the transferee or his successor in title concerned by the local authority concerned, at his own cost construct a retaining wall on the erf at any such boundary line of sufficient height and strength so as effectually to prevent any portion of the erf falling into the street or vice versa. Every retaining wall shall be built in consultation with the local authority and shall be subject to its approval.
- (8) No building or structure or any portion thereof, except boundary walls or fences, may be erected nearer than 5 metres to the boundary common to the street and the main building may not be erected nearer than 3 metres to any other boundary of the erf.
- (9) Outbuildings and/or servants' quarters erected on the erf may not be occupied by anyone except the bona fide domestic servants of the registered owner or his tenant.

- (10) Die eienaar van die erf is verplig om binne ses maande van aankoop daarvan, 'n gebou op die erf te begin van die voorgeskrewe minimum bouwaarde en dit te voltooi binne 'n verdere twaalf maande daarna: Met dien verstande dat, indien die eienaar nie die gebou binne 18 maande voltooi nie, die plaaslike bestuur die reg het na eie keuse en goeddunke om besitreg terug te neem van die erf sonder terugbetaling van die koopprys, en/of om betaling te eis en 'n bedrag in te vorder wat gelyk is aan die plaaslike bestuur se tariewe en belastings wat betaalbaar sou gewees het indien 'n gebou van die voorgeskrewe minimum waarde in werklikheid opgerig was op die erf.
- (11) Die plaaslike bestuur het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel soos gedoen of ingestel moet word met bovangelde doel.
5. Bykomende voorwaardes ten opsigte van alle erwe behalwe erwe 1218, 1224, 1276—1306.
- (1) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word en slegs een woonhuis vir een gesin, met die nodige buitegeboue, mag daarop opgerig word.
 - (2) Die eienaar van die erf is verplig om, sonder vergoeding en ten genoeë van die plaaslike bestuur geboue op die erf opgerig, insluitende die buitegeboue wat deur die bediendes wat hul dienste op die erf verrig, bewoon word, te verbind met die openbare waternetwerk- en rioolverwyderingstelsel, indien en wanneer dit in die dorp aangelê is.
 - (3) Geen skakelhuise of woonstelle mag op die erf opgerig word nie.
 - (4) Die woonhuis, opgerig op die erf, mag nie deur meer as een gesin bewoon word nie.
 - (5) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R6,000 wees nie.
6. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1276—1305.
- (1) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word en twee wooneenhede vir die huisvesting van 2 gesinne met die nodige buite geboue mag daarop opgerig word.
 - (2) Die tweede wooneenheid mag nie meer as 75% in oppervlakte van die hoofgebou beslaan nie. Die oppervlakte gedeel deur geboue opgerig op die erf mag nie meer as 70% van die totale oppervlakte van die erf oorskry nie.
 - (3) Die eienaar van die erf is verplig om, sonder vergoeding en ten genoeë van die plaaslike bestuur geboue op die erf opgerig, insluitende die buitegeboue wat deur die bediendes wat hul dienste op die erf verrig, bewoon word, te verbind met die openbare waternetwerk- en rioolverwyderingstelsel, indien en wanneer dit in die dorp aangelê is.
 - (4) Die woonhuise opgerig op die erf mag elk nie deur meer as een gesin bewoon word nie.
 - (5) Die waarde van die hoofgebou, tweede wooneenheid en buitegebou uitgesluit, mag nie minder as R6,000 wees nie.
- (10) The owner of the erf binds himself, within 6 months from the date of sale to him, to commence a building on the erf of the prescribed minimum building value and to have it completed within a further period of 12 Months: Provided that if the owner does not complete the erection of the building within 18 months, the local authority shall have the right, at its option and in its entire discretion, to resume ownership of the erf without repayment of the purchase price and/or to demand payment of and collect such amount as would be equal to the amount of local authority rates and taxes which would be payable if a building to the prescribed minimum value had actually been built or erected on the erf.
- (11) The local authority shall, for the purpose of securing the enforcement of the conditions of title, have the right and power at all reasonable times to enter into and upon the erf for the purpose of such inspection or enquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.
5. Additional conditions applicable to all erven except erven 1218, 1224, 1276—1306.
- (1) The erf may be used for residential purposes only and only one dwelling house for one family, with the necessary outbuildings, may be erected thereon.
 - (2) The owner of the erf shall be obliged, without compensation, to connect to the satisfaction of the local authority, the buildings erected on the erf, including the outbuildings occupied by the servants who render their services on the erf, to the public water reticulation and sewerage disposal system, if and when established in the township.
 - (3) No semi-detached house or flats may be erected on the erf.
 - (4) The dwelling house erected on the erf may be occupied by not more than one family.
 - (5) The value of the main building, excluding outbuildings, may not be less than R6,000.
6. Additional conditions applicable to erven 1276—1305.
- (1) The erf may be used only for residential purposes, and two dwelling units for the housing of two families with the necessary outbuildings may be erected on the erf.
 - (2) The second dwelling unit shall not be more than 75% in area of the main dwelling unit. The area covered by buildings erected on the erf shall not exceed 70% of the total area of the erf.
 - (3) The owner of the erf shall be obliged, without compensation, to connect to the satisfaction of the local authority, the buildings erected on the erf, including the outbuildings occupied by the servants who render their services on the erf, to the public water reticulation and sewerage disposal system, if and when established in the township.
 - (4) The dwellings erected on this erf may not be occupied by more than one family each.
 - (5) The value of the main dwelling unit, second dwelling unit and outbuildings excluded, may not be less than R6,000.

7. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erwe 1218 en 1224.
- (1) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word, wat 'n blok woonstelle insluit maar skakelhuise, 'n losieshuis of 'n hotel uitgesluit.
 - (2) Die waarde van die hoofgebou, buitegeboue uitgesluit, mag nie minder as R20,000 wees nie.
 - (3) As 'n blok woonstelle op die erf opgerig word, moet minstens 1 gedekte onafhanklike parkeerplek (garage) op die erf vir elke 2 woonstel-eenhede voorsien word, en minstens 1 onafhanklike parkeerplek van die straat af op die erf vir elke 2 woonstel-eenhede voorsien word.
 - (4) Die oppervlakte gedek deur die geboue, opgerig op die erf, mag nie 60% van die totale oppervlakte van die erf oorskry nie.
 - (5) Die eienaar van die erf is verplig om, sonder vergoeding en ten genoë van die plaaslike bestuur geboue op die erf opgerig, insluitende die buitegeboue wat deur die bediendes wat hul dienste op die erf verrig, bewoon word, te verbind met die openbare waternetwerk- en rioolverwyderystelsel, indien en wanneer dit in die dorp aangelê is.
8. Bykomende voorwaardes ten opsigte van erf 1306. Die erf mag slegs vir die dierenbeskermingsvereniging en aanverwante doeleindes gebruik word.

Jo. 59 van 1970.]

**VERKIESING VAN LEDE VAN DIE
UITVOERENDE KOMITEE.**

Ooreenkomsdig die bepalings van Regulasie 27 van die Regulasies vir die Verkiesing van Lede van die Uitvoerende Komitee van Suidwes-Afrika afgekondig onder Goewermentskennisgewing No. R724 (Republiek) van 5 Mei 1970, verklaar ek hiermee, dat die volgende persone as lede van die Uitvoerende Komitee vir die Gebied Suidwes-Afrika op 15 Mei 1970, as behoorlik verkose verlaar is, naamlik:—

Mudge, Dirk Frederik,
Van Zijl, Ebenezer,
Pretorius, Jacobus Willem Francois, en
Nel, Elias Albertus.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie 20ste dag van Mei 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

No. 59 of 1970.]

**ELECTION OF MEMBERS OF THE
EXECUTIVE COMMITTEE.**

In accordance with the provisions of Regulation 27 of the Regulations Governing the Election of Members of the Executive Committee of South West Africa published under Government Notice No. R724 (Republic) of 15th May, 1970, I declare herewith, that the following persons have been declared duly elected on the 15th May, 1970, as members of the Executive Committee for the Territory of South West Africa, namely:—

Mudge, Dirk Frederik,
Van Zijl, Ebenezer,
Pretorius, Jacobus Willem Francois, and
Nel, Elias Albertus.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 20th day of May, 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

Jo. 60 van 1970.]

NADEMAAL daar by artikel 42 van die Ordonnansie Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) soos wysig, bepaal word dat die Administrator by proklasie in die *Offisiële Koerant* 'n omskrewe gebied tot 'n ivate wildreserwe kan verklaar;

EN NADEMAAL daar aan die vereistes uiteengesit paragrawe (a) en (b) van artikel 42 van die vermelde ordonnansie en die genoem in regulasies 1, 2 en 3 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing van 1969 voldoen is, en daar geen beswaar binne die oorgeskreve tydperk van drie maande ontvang is nie;

SO IS DIT dat ek, kragtens en ingevolge voornoemde artikel 42 hierby verklaar dat die gebied in die bylae tot die proklamasie omskrywe voortaan 'n private wild-

7. Additional conditions applicable to erven 1218 and 1224.
- (1) The erf may be used only for residential purposes, which will include a block of flats but which will exclude semi-detached houses, a boarding house or hotel.
 - (2) The value of the main building, excluding out-buildings, may not be less than R20,000.
 - (3) Should a block of flats be erected on the erf, at least 1 covered independent parking space (garage) shall be provided on the erf for every 2 flat units and at least 1 independent off-street parking space on the erf for every 2 flat units.
 - (4) The area covered by the buildings erected on the erf shall not exceed 60% of the total area of the erf.
 - (5) The owner of the erf shall be obliged, without compensation, to connect to the satisfaction of the local authority, the buildings erected on the erf, including the outbuildings occupied by the servants who render their services on the erf, to the public water reticulation and sewerage disposal system, if and when established in the township.

8. Additional conditions applicable to erf 1306.
The erf may be used for the animal protection society and purposes incidental thereto only.

No. 60 of 1970.]

WHEREAS by section 42 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) as amended, it is provided that the Administrator may by proclamation in the *Official Gazette* declare any defined area to be a private game reserve;

AND WHEREAS the requirements set out in paragraphs (a) and (b) of section 42 of the said ordinance and those mentioned in regulations 1, 2 and 3 of the regulations published under Government Notice 7 of 1969 have been complied with and no objections were received within the prescribed period of three months;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the above-mentioned section 42, I do hereby declare that the area defined in the schedule hereto shall henceforth be a

reserwe is waarop die bepalings van genoemde Ordonnansie van toepassing is en dat genoemde wildreserwe bekend sal staan onder die naam in die genoemde bylae uiteengesit.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 4de dag van Junie 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrateur

BYLAE.

WILDRESERVAAT SS.

Die plaas Okatjitambi 255 geleë in die distrik Otjiwarongo, grootte 3454 hektaar.

No. 61 van 1970.]

NADEMAAL daar by artikel 42 van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) soos gewysig, bepaal word dat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* 'n omskreve gebied tot 'n private wildreserwe kan verklaar;

EN NADEMAAL daar aan die vereistes uiteengesit in paragrawe (a) en (b) van artikel 42 van die vermelde Ordonnansie en die genoem in regulasies 1, 2 en 3 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 7 van 1969 voldoen is, en daar geen beswaar binne die voorgeskrewe tydperk van drie maande ontvang is nie;

SO IS DIT dat ek, kragtens en ingevolge voornoemde artikel 42 hierby verklaar dat die gebiede in die bylae tot hierdie proklamasie omskrywe voortaan private wildreserves is waarop die bepalings van genoemde Ordonnansie van toepassing is en dat genoemde wildreserves bekend sal staan onder die onderskeie name in die genoemde bylae uiteengesit.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 4de dag van Junie 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrateur

BYLAE.

WILDRESERVAAT SPITSKOP.

Deel B van die plaas Kleinfontein Noord 82, geleë in die distrik Maltahöhe, grootte 5286 hektaar en Deel A van die plaas Eisenach 50, geleë in die distrik Maltahöhe, grootte 6731 hektaar.

WILDRESERVAAT ELANDSPAN.

Die plaas Elandspan 672, geleë in die distrik Gobabis, grootte 7437 hektaar.

Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 74.]

[15 Junie 1970

Dit behaag die Administrateur om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 243 van die Municipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) sy goedkeuring te heg aan die onderstaande wysig-

private game reserve falling under the provisions of the said ordinance and that this private game reserve shall be known by the name set out in the said schedule.

Given under my hand and seal in Windhoek, on this the 4th day of June 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

SCHEDULE.

THE SS GAME RESERVE.

The farm Okatjitambi 255 situate in the district of Otjiwarongo measuring 3454 hectares.

No. 61 of 1970.]

WHEREAS by section 42 of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) as amended, it is provided that the Administrator may by proclamation in the *Official Gazette* declare any defined area to be a private game reserve;

AND WHEREAS the requirements set out in paragraphs (a) and (b) of section 42 of the said ordinance and those mentioned in regulations 1, 2 and 3 of the regulations published under Government Notice 7 of 1969 have been complied with and no objections were received within the prescribed period of three months;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the above-mentioned section 42, I do hereby declare that the areas defined in the schedule hereto shall henceforth be private game reserves falling under the provisions of the said ordinance and that these private game reserves shall be known by the names set out in the said schedule.

Given under my hand and seal in Windhoek, on this the 4th day of June 1970.

J. G. H. VAN DER WATH,
Administrator

SCHEDULE.

SPITSKOP GAME RESERVE.

Portion B of the farm Kleinfontein North 82 situate in the district of Maltahöhe, measuring 5286 hectares and Portion A of the farm Eisenach 50 situated in the district of Maltahöhe, measuring 6731 hectares.

ELANDSPAN GAME RESERVE.

The farm Elandspan 672 situate in the district of Gobabis, measuring 7437 hectares.

Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 74.]

[15 June 1970

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) to approve the following amendment of the Meat and Abattoir

ing van die Vleis- en Slagpaleregulasies van die Munisipaliteit van Tsumeb, afgekondig by Goewermentskennisgewing 42 van 1963 en gewysig by Goewermentskennisgewings 84 van 1968 en 54 van 1969.

MUNISIPALITEIT VAN TSUMEB.

WYSIGING VAN VLEIS- EN SLAGPALEREGULASIES.

Bylae A word hierby soos volg gewysig:

(a) Vervang paragraaf (a) deur die volgende nuwe paragraaf;

„(a) *Slag-, inspeksie- en kraalgelde:*

Beeste stuk	R5.40
Kalwers tot 75 kg stuk	R2.40
Skape en bokke stuk	R1.20
Varke —	
0—25 kg stuk	R0.65
26—50 kg stuk	R1.30
51—125 kg stuk	R3.25
126—200 kg stuk	R5.25
Bo 200 kg stuk	R5.85."

(b) Vervang paragraaf (c) deur die volgende nuwe paragraaf:

„(c) *Verkoelingsgelde:*

Vir elke karkas of gedeelte van 'n karkas per 24 uur of gedeelte daarvan R0.15.”

Regulations of the Municipality of Tsumeb, published under Government Notice 42 of 1963 and amended by Government Notices 84 of 1968 and 54 of 1969.

MUNICIPALITY OF TSUMEB.

AMENDMENT OF MEAT AND ABATTOIR REGULATIONS.

Annexure A is hereby amended as follows:

(a) Substitute the following paragraph for paragraph (a):

“(a) <i>Slaughtering, inspection and Lairage Fees:</i>	
Cattle, per head	R5.40
Calves, up to 75 kg per head	R2.40
Sheep and goats per head	R1.20
Pigs —	
0—25 kg per head	R0.65
26—50 kg per head	R1.30
51—125 kg per head	R3.25
126—200 kg per head	R5.25
Over 200 kg per head	R5.85.”

(b) Substitute the following paragraph for paragraph (c):

“(c) <i>Pre-cooling fees:</i>	
For every carcase or portion of a carcase per 24 hours or portion thereof R0.15.”	

Io. R. 825 (Republiek).]

[29 Mei 1970

No. R. 825 (Republic).]

[29 May 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1/22).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 1 van genoemde Wet in die mate in die ylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Alge- meen	IV Skaal van Reg M.B.N.	V Voor- keur
3.21 Deur subpos No. 48.21.50 te skrap.				
.18 Deur na subpos No. 84.18.80 die volgende in te voeg:				
„84.18.85 Filtreerkerse vir gebruik met industriële filters	lb.	5%		vry (V.K.)”

MERKING — Die voorsiening vir filtreerkerse vir gebruik met industriële filters word by subpos No. 48.21.50 geskrap en toepaslike voorsiening daarvoor word by subpos No. 84.18.85 gemaak.

No. R. 825 (Republiek).]

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT OF SCHEDULE NO. 1 (NO. 1/1/22).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 1 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III General	IV Rate of Duty M.F.N.	V Preferential
48.21 By the deletion of subheading No. 48.21.50.				
84.18 By the insertion after subheading No. 84.18.80 of the following:				
“84.18.85 Filter candles for use with industrial filters	lb.	5%		free (U.K.)”

NOTE — The provision in subheading No. 48.21.50 for filter candles for use with industrial filters is deleted and suitable provision therefor is made under subheading No. 84.18.85.

No. R. 826 (Republiek).]

[29 Mei 1970

[29 May 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN
BYLAE NO. 3 (NO. 3/231).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 3 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III
Item	Tariefpos en Beskrywing	Mate van Korting
311.21	Deur tariefposte Nos. 51.04.50 en 55.09.50 deur die volgende te vervang:	
„51.04.50	Bedrukte weefstowwe van gefabriseerde vesels (kontinu) met 'n gewig per vk. jt. van minder as 5 oz., wat enkel- of twyngaring met 'n katoen-nommer (in die ongetwynde vorm) van 30's of fyner bevat en met 'n konstruksie van minstens 140 draade per vk. dm., met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van meer as 34c, vir die vervaardiging van onderklere (uitgesonderd slaappakke en hemde, met inbegrip van boordjies)	Volle reg
55.09.50	Bedrukte weefstowwe van katoen, met 'n gewig per vk. jt. van minder as 5 oz., wat enkel- of twyngaring met 'n katoen-nommer (in die ongetwynde vorm) van 30's of fyner bevat en met 'n konstruksie van minstens 140 draade per vk. dm., met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van meer as 34c, vir die vervaardiging van onderklere (uitgesonderd slaappakke en hemde, met inbegrip van boordjies)	Volle reg"
Deur tariefpos No. 56.07.50 deur die volgende te vervang:		
„56.07.50	Bedrukte weefstowwe van gefabriseerde vesels (diskontinu), met 'n gewig per vk. jt. van minder as 5 oz., wat enkel- of twyngaring met 'n katoen-nommer (in die ongetwynde vorm) van 30's of fyner bevat en met 'n konstruksie van minstens 140 draade per vk. dm., met 'n waarde vir belastingdoeleindes per vk. jt. van meer as 34c, vir die vervaardiging van onderklere (uitgesonderd slaappakke en hemde, met inbegrip van boordjies)	Volle reg"

OPMERKING — Die voorsiening vir 'n korting op reg op sekere weefstowwe vir die vervaardiging van slaappakke en hemde, met inbegrip van boordjies, word ingetrek.

No. R. 826 (Republic).]

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT
OF SCHEDULE NO. 3 (NO. 3/231).

I, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, hereby amend Schedule No. 3 to the said Act to the extent set out in the Schedule hereto.

N. DIEDERICHS,
Minister of Finance.

SCHEDULE.

I	II	III
Item	Tariff Heading and Description	Extent of Rebate
311.21	By the substitution for tariff headings Nos. 51.04.50 and 55.09.50 of the following:	
„51.04.50	Woven printed fabrics of man-made fibres (continuous), of a weight per sq. yd. of less than 5 oz., containing single or plied yarn of a cotton count (in the unplied form) of 30's or finer and with a construction of 140 threads or more per sq. in., of a value for duty purposes per sq. yd. exceeding 34c, for the manufacture of under garments (excluding pyjama suits and shirts, including collars)	Full duty
55.09.50	Woven printed fabrics of cotton, of a weight per sq. yd. of less than 5 oz., containing single or plied yarn of a cotton count (in the unplied form) of 30's or finer and with a construction of 140 threads or more per sq. in., of a value for duty purposes per sq. yd. exceeding 34c, for the manufacture of under garments (excluding pyjama suits and shirts, including collars)	Full duty"
„56.07.50	By the substitution for tariff heading No. 56.07.50 of the following:	
56.07.50	Woven printed fabrics of man-made fibres (discontinuous), of a weight per sq. yd. of less than 5 oz., containing single or plied yarn of a cotton count (in the unplied form) of 30's or finer and with a construction of 140 threads or more per sq. in., of a value for duty purposes per sq. yd. exceeding 34c, for the manufacture of under garments (excluding pyjama suits and shirts, including collars)	Full duty"

NOTE — The provisions for a rebate of duty on certain woven fabrics for the manufacture of pyjama suits and shirts, including collars, are withdrawn.

No. R. 827 (Republiek).]

[29 Mei 1970

No. R. 827 (Republic).]

[29 May 1970

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964. — WYSIGING VAN
BYLAE NO. 4 (NO. 4/63).

Ek, NICOLAAS DIEDERICHS, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, wysig hierby Bylae No. 4 van genoemde Wet in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

N. DIEDERICHS,
Minister van Finansies.

BYLAE.

I	II	III
Item	Tariefpos en Beskrywing	Mate van Korting

407.00 Deur die Opmerkings by die item deur die volgende te vervang:

„Opmerkings:

- (1) Die korting op reg in item 407.02 (1) vermeld mag slegs een keer per persoon gedurende 'n tydperk van 30 dae toegestaan word en is nie van toepassing nie op goedere ingevoer:
 - (i) Deur persone wat slegs tussen plekke in die Republiek reis;
 - (ii) Deur inwoners wat terugkeer na 'n afwesigheid van minder as 48 uur;
 - (iii) Deur minderjarige kinders wat saam met hulle ouers of voogde reis.
- (2) 'n Lid van die bemanning van 'n skip of vliegtuig (met inbegrip van die gesagvoerder ofloods) is, onderworpe aan die voorwaarde deur die Sekretaris neergelê, slegs geregtig op die korting op reg in item 407.02 (1) vermeld mits hy permanent na die Republiek terugkeer.
- (3) Die korting op reg in item 407.02 (2) vermeld, is slegs van toepassing indien die totale waarde van die goedere wat as passasiersbagasie (uitgesonderd goedere in item 407.01 en 407.02 (1) vermeld) ingevoer word, hoogstens R100 is.
- (4) Indien die betrokke persoon dit verlang en aldus aandui voordat die goedere geklaar word, kan die goedere ten opsigte waarvan die korting op reg in item 407.02 (2) vermeld van toepassing is en wat as passasiersbagasie ingevoer word, teen die toepaslike skale van reg in Bylae No. 1 vermeld geklaar word.”

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964. — AMENDMENT
OF SCHEDULE NO. 4 (NO. 4/63).

